# Koningin met boom vereer

Beeld 17.11.86

PRETORIA se nuwe Koningin Wilhelminaboom is Saterdag op die stad se Stigtingsdag in die geskiedkundige Burgerspark geplant.

Dié boomplanting, wat deur die Skakelraad vir Nederland en Vlaandere Gerigte Verenigings (SNVGV) gereël is, is bedoel om Nederland se Koningin Wilhelmina en die koninklike Huis van Oranje te vereer.

Die nuwe Wilhemina-boom, wat Saterdagoggend reg in die middel van die Burgerspark geplant is deur die burgemeester, mnr. Steyn van der Spuy, is 'n lemoenboom. Dit vervang die wilde nartjieboom wat die vorige Wilhelminaboom was.

Dié nartjieboom is in die jare twintig geplant en was Pretoria se tweede Wilhelminaboom. Die eerste was 'n lemoenboom wat op 31 Augustus 1898 op dieselfde plek geplant is. Die nartjieboom is dood omdat dit nie in die skadu van 'n groot denneboom in die park kon groei nie.

Die stadsraad van Pretoria het vir die geleentheid die ou tralie-omheining om die boom gerestoureer en die bedding voorberei. Die nuwe gedenkplaat is deur die SNVGV verskaf.

Mnr. Willem Punt, voorsitter van die SNVGV en die Genootskap Ou Pretoria, sê die nuwe lemoenboom moet die tradisie voortsit wat geskep is deur die plant van die stad se eerste Wilhelminaboom in die vorige eeu. Dié boom is simbolies van Suid-Afrika se historiese band met die Nederlandse vorstehuis.

Dit was juis dié band wat die kleur oranje in die landsvlag gebring het en ook daartoe gelei het dat 'n heraldiese lemoenboom deel vorm van die Vrystaat se ampskild.

As deel van die Stigtingsdag-plegtigheid het die Genootskap Ou Pretoria ook Saterdag in die Rebeccastraat-begraafplaas 'n krans gelê op die graf van mnr. Punt se vader, dr. Willem Punt. Dr. Punt, wat in 1981 dood is, was die stigter van dié genootskap.

Die hoofstad se Stigtingsdag word jaarliks op die Saterdag naaste aan 16 November gevier.